

Sing vooraf staande: Psalm 16:4, 5 (p. 62)

- 4 'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.
- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 118:13, 14 (p. 579)

- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.
- 14 U is my God, ál my verlange; / U prys ek om u majesteit.
My God, U loof my lofgesange / van nou af tot in ewigheid.
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd;
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 119:4, 5 (p. 586)

- 4 Hoe sal in sy jeug die jong'ling, / gou deur ydelheid bekoor,
rein kan wandel in sy weë?... / As hy wandel in u spoor!
U soek ek van ganser harte / HEER, hou U my hande vas,
dat ek van u spoor nie dwaal nie / en die kwaad my nie verras.
- 5 Daarom sluit ek al u woorde / in my hart sorgvuldig in,
dat ek nie teen U sou sondig / en te minder U bemin.
HEER, my God, U is lofwaardig! / Leer my tog u regte wel.
Met my lippe ek die wysheid / van u wet alom vertel.

Gebed

Skrifberyming 18-1:4 (9:4, 5)

- 4 Ek sien toe weer in hemelsfere / die skaar wat liggend voor God staan.
Hul was bekleed met lang wit klere: / maar wie is hul, en waarvandaan?
Toe kom by my gesigsverrukking / 'n stem my ruisend tegemoet:
"Die skaar kom uit die groot verdrukking, / gereinig in die Lam se bloed.
- 5 "Hul 't in die bloed, deur Gods genade, / hul kleed gewas, en vlekloos rein
mag hul nou in hul straalgewade / as priesters voor Gods troon verskyn;
hul mag aan Hom hul dienswerk heilig, / en altyd in sy tempel bly.
God self sal hulle daar beveilig / as Hy sy tentseil oor hul sprei.

Skriflesing: Romeine 8:1-17; Heidelbergse Kategismus, Sondag 17

Kernvers: Romeine 8:10-11

Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde. Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit

die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. (Romeine 8:10-11 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 45

Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

Antwoord:

Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak (a). Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek (b). Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding (c).

(a) Rom 4:25; 1 Pet 1:3; 1 Kor 15:16. (b) Rom 6:4; Kol 3:1, 3; Efes 2:5, 6. (c) 1 Kor 15:20, 21.

Tema: Christus het die dood drievoudig vir ons oorwin

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens van kleins af van die Vader, Seun en die Heilige Gees geleer is, en 'n mens van kleins af in hierdie Drie-enige God glo en Hom liefhet, lyk dit soms of sommige dele van 'n mens se geloofsbelydenis 'n gekarring is oor dinge waarvoor 'n mens nie hoef te karring nie. Een so 'n deel is die opstanding van Jesus Christus uit die dood uit. Ons Christene glo dat Jesus Christus liggaamlik uit die dood opgestaan het. Ons bely dit elke Sondag openlik. Ons twyfel nie daarvoor nie en ons het ook geen vrae daarvoor nie.

Vir baie ander Christene is Jesus Christus se liggaamlike opstanding iets wat nie regtig vir hulle saak maak nie. Of Hy nou regtig liggaamlik opgestaan het of nie, pla hulle glad nie. Al wat vir hulle saak maak is dat Hy aan die kruis vir hulle sondes gesterf het.

Om so traak-my-nieagtig te wees oor Jesus Christus se opstanding is noodlottig. Aan die een kant is dit noodlottig, want die Jehovasgetuies sê ook dat Christus nie liggaamlik opgestaan het nie. En as dit Christene ook nie pla of Hy regtig opgestaan het of nie, is daar nie meer 'n duidelike onderskeid tussen wat waar en vals is nie. Aan die ander kant is so 'n ongeërgde houding ook gevaarlik, want as een kerngedeelte van die geloof in Christus 'n mens nie pla nie en 'n mens dit nie na behore begryp nie, is daar geen waarborg dat die ander kerngedeeltes van 'n mens se geloof in die Drie-enige God gaan staande bly nie. En kort voor lank twyfel so 'n mens daaraan of hy werklik verlos is. Of nog veel erger, so 'n mens begin dan die hele Bybel in twyfel trek en los alles wat met die Christelike geloof te doen het.

'n Mens se geloof, van 'n mens se kant af gesien, is baie delikaat. Dit moet ferm en tog sagkens hanteer word. Van God se kant af is 'n mens se geloof egter 'n ontwyfelbare en sekere saak, want Hy gee die geloof deur sy Gees aan die mens. Maar juis omdat die geloof van die mens se kant af so 'n delikate saak is, het die Here God in sy alwysheid bepaal dat die Heilige Gees die kerk moet lei om twaalf definitiewe pilare op te rig waarop die mens se geloof stewig kan rus. Hierdie twaalf pilare is die Twaalf Artikels. En ons geloof het elkeen van hierdie twaalf pilare nodig om van ons kant af staande te kan bly. Elke pilaar is onmisbaar sodat ons geloof ontwyfelbaar kan bly.

Daarom is die vyfde pilaar, naamlik die liggaamlike opstanding van Christus, ook vir ons onmisbaar. Dit is nie iets wat ons maar kan los nie, want juis deur die geloof in die liggaamlike opstanding bring die Heilige Gees troos vir God se kinders. Jesus Christus se

opstanding uit die dood is vir ons die ontwyfelbare bewys dat Hy die dood drievoudig vir ons oorwin het.

Broers, susters en kinders, Christus se opstanding uit die dood is die grootste wonder van alle tye. Wat gelyk het onmoontlik te wees, het werklik plaasgevind: 'n mens wat gesterf het, het uit eie krag weer lewendig geword. In 'n sekere sin kan 'n mens verstaan dat die Atheners Paulus uitgelag het toe hy hulle vertel het dat Christus uit die dood opgestaan het. Hulle het spottend aan hom gesê:

Ons sal jou weer hieroor wil hoor. (Handelinge 17:32 AFR83)

Die dood word immers gewoonlik beskou as 'n onherroeplike, onherstelbare verlies. Maar Christus het voor sy kruisiging gesê dat Hy op die derde dag uit die dood sou opstaan. Daarom het alles na sy begrafnis as't ware asem opgehou en gespanne vir die derde dag gewag. Die skepping het sy grootste krisispunt beleef. As Christus nie weer uit die graf te voorskyn sou kom nie, dan was die wêreld en die hele mensdom vir goed verlore. As Christus nie opgestaan het nie, dan was die skuld op die sonde tot vandag toe nog nie volledig betaal nie. Dan sou ons wat in Jesus Christus glo die bejammerenswaardigste van alle mense gewees het, want ons vestig ons hoop dan net vir hierdie lewe op Christus (1 Kor 15:19). En wat na die dood gebeur, sou dan nou nog onverklaarbaar in die lug bly hang het.

Maar Christus het oorwin. Die dood kon Hom nie vashou nie. Die dood moes erken dat Christus die meerdere is. Christus staan op en lewe tot in ewigheid as ware God en ware, regverdige mens. Daarom sal dié wat in Hom glo ook deel kry aan die ewige lewe en saligheid wat Hy vir ons deur sy dood en opstanding heen verwerf het, want Hy het die dood drievoudig vir ons oorwin.

Miskien moet ons eers sê wat ons met drievoudig bedoel. Die dood het drie fasette. Hierdie drie fasette is die volgende, die geestelike dood, die liggaamlike dood en die ewige dood. Met sy liggaamlike opstanding uit die dood het Christus al drie hierdie fasette van die dood vir ons oorwin. Om te sien watter troos Jesus se liggaamlike opstanding vir ons inhou, let ons eers op die oorwinning oor die ewige dood.

Om gered te word moet die mens as 'n volmaakte regverdige voor God verskyn. 'n Volmaakte regverdige mens is iemand wat glad en geheel nie enige sonde het of doen nie. Dit beteken ook dat so 'n mens nie eers erfsonde het nie. Ons weet egter dat ons nie aan hierdie vereiste voldoen nie. Van nature is ons geneig tot alle kwaad. Ja, dit is so erg dat ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat omdat die mens hom van nature besig hou met die dinge van die sondige natuur. En die dinge van die sondige natuur is vyandskap teen God. Uit ons eie – vanself – kan ons niks goeds doen nie. Daarom sal die mens ook nooit uit sy eie 'n sondelose mens kan wees of word nie. Omdat die mens van nature net besig is met die dinge van die sondige natuur is sy lewe op pad na die dood, die ewige dood. Dit beteken dat die mens ook nooit uit sy eie gered kan word nie.

Maar geliefdes, Christus Jesus het gekom. Hy het in ons plek voor God gaan staan en al ons sonde en ongeregtheid op Homself geneem. Onder die las van ons sondes en onder die las van God se toorn oor die hele menslike geslag se sonde het Christus aan die kruis gehang en gesterf. In Sondag 16 se laaste vraag en antwoord was ons aandag gefokus op die woorde – **neergedaal het na die hel**. Ons het toe gesien wat 'n geweldige las ons sonde en God se toorn vir Christus was.

Nou kan 'n mens vir die mense wat net aan Christus se sterwe aan die kruis wil vashou en

sy liggaamlike opstanding hulle nie pla nie, vra: As Christus dan vir jou sondes aan die kruis gesterf het, watter bewys het jy dat Hy jou van al jou sondes verlos het? Het jy 'n bewys dat Christus jou regverdig gemaak het sodat jy voor God kan verskyn? Of is daar by jou nog twyfel oor of jy nie tog eendag maar die ewige dood sal sterf nie? Natuurlik sal so 'n mens allerhande truuks uithaal om homself uit hierdie hoek te probeer kry. Maar ons wat glo dat Jesus Christus liggaamlik uit die dood opgestaan het, hoef nie te twyfel wanneer sulke vrae aan ons gevra word nie.

Jesus Christus se opstanding uit die dood waaroor die Heilige Gees deur die apostels so heerlik getuig is vir ons die antwoord op al bogenoemde vrae. En die antwoord is 'n duidelike: Ja, ek het 'n bewys! Die Here gee self vir ons die versekering in sy Woord: Jesus Christus is **oorgelewer ... ter wille van ons misdade en opgewek ... ter wille van ons regverdigmaking**.(Romeine 4:25 AFR53)

Jesus Christus sou nie uit die dood kon opstaan as Hy nie die volle skuld betaal het en die volle straf op ons sondes gedra het nie. Die opstanding van Jesus Christus bevestig dat Hy die skuld ten volle betaal het en die straf op die sonde ten volle gedra het. As iemand skuld betaal het, word hy mos nie daarvan weerhou om vry uit te gaan nie. Christus het die skuld betaal, daarom kon die dood Hom nie daarvan weerhou om weer te lewe nie. Christus se opstanding bevestig ook dat die gelowige nie meer as 'n skuldige vanweë sy sonde voor die toornige God staan nie. Die gelowige staan nou as 'n regverdige, as 'n vrygespreekte voor die vriendelike God.

Verder nog dit, as Christus maar net vir ons die geregtigheid of vrypraak verdien het deur sy sterwe heen, beteken dit nog niks vir die mens nie. Die mens moet hierdie vrypraak in die hand van die geloof gegee word en die Heilige Gees moet hierdie vrypraak eiendom van die gelowige mens maak. Dus, Christus moes die vryspraak nog as ons eiendom vir ons gee nadat Hy dit verwerf het.

Geliefdes, ons mense het so diep in die ellende en sonde geval dat dit selfs nie genoeg is dat Christus deur sy lyde en sterwe heen vir ons die vryspraak voor God net verwerf het nie. Ons is uit ons eie uit nie in staat om die vryspraak as ons eiendom aan te neem nie. Daarom, as Christus nie uit die dood opgestaan het nie, sou hierdie vryspraak wat Hy aan die kruis vir ons verwerf het, vir ons niks beteken het nie. Maar nou, omdat Christus uit die dood opgestaan het, kon Hy sy Heilige Gees stuur om in ons te woon. Die Heilige Gees se kragtige werk in ons laat ons deel kry aan hierdie vryspraak wat Christus vir ons verwerf het.

Die Heilige Gees lyf die gelowige in Christus in sodat ons in Christus is en Hy deur sy Gees en Woord in ons is. Deur hierdie werk van die Heilige Gees ontvang ons deur middel van die geloof die ewige lewe omdat God ons regverdig verklaar het. Ons sal nie meer die ewige dood hoef te sterf nie, want Christus het dit vir ons met sy opstanding oorwin.

Christus se opstanding uit die dood het nie net die ewige dood vir ons oorwin nie. Die geloof in Christus se liggaamlike opstanding bring ons nie net in die regte verhouding met God nie. Ons daaglikse lewe word ook radikaal deur die liggaamlike opstanding van Christus beïnvloed. Omdat Christus uit die dood opgestaan het, wek die Heilige Gees ook 'n nuwe lewe in ons op waarin ons steeds meer die sonde nalaat en die wil van God doen. Dit beteken dat Christus se opstanding ons ook in ons daaglikse lewe heilig maak.

Die mens wat in sonde en ellende geval het, het nie net die vooruitsig van die ewige dood nie; sy hele lewe word dag vir dag gekenmerk deur die geestelike dood waarin hy hom bevind. Dit is as gevolg van hierdie geestelike dood dat die mens van nature geneig is om God se wil opsy te skuif en die wil van sy sondige natuur na te volg.

Deur die wedergeboorte laat die Heilige Gees 'n mens uit die geestelike dood opstaan in die nuwe lewe in. Dit gebeur omdat Christus uit die dood opgestaan het en ewig lewe. Aangesien die wedergeboorte vrug is van Christus se opstanding uit die dood, is die gelowige op die pad van heiligmaking geplaas. Aangesien Christus ewig lewe, gebeur dit dat die gelowige op die pad van heiligmaking vorder. En hoe verder hy vorder hoe meer sterf hy die sonde af en hoe meer doen hy die wil van God.

Daarom sê Paulus dat ons onder 'n verpligting staan om onder leiding van die Heilige Gees 'n einde te maak aan al ons sondige praktyke. Dit beteken dat ons op die pad van heiligmaking moet voortgaan met daaglikse bekering sodat ons elke dag die sonde meer kan afsterf en elke dag meer heilig kan lewe soos wat God van ons eis.

Hoe verder 'n mens op hierdie pad van heiligmaking vorder, hoe meer maak die Heilige Gees dit binne-in 'n mens duidelik dat ons kinders van God is. Dit is 'n groot troos. Ons hoef nie allerhande dinge te doen om onself te verseker dat ons kinders van God is nie. Ons moet onself net daaglik meer en meer aan die Heilige Gees se heerskappy oorgee en die Heilige Gees sal self vir ons sê dat ons kinders van God is. Ons sal dit so verseker deur die Gees en die Woord hoor dat ons God selfs as Abba, dit is Vader, sal aanspreek. En dit alles gebeur omdat Christus Jesus liggaamlik uit die dood opgestaan het.

Maar broers, susters en kinders, wanneer die Heilige Gees ons op grond van Christus se liggaamlike opstanding troos dat Christus vir ons die ewige dood en die geestelike dood oorwin het, verloor Hy nie die werklikheid uit die oog nie. Daarom skryf Paulus:

Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde.
(Romeine 8:10 AFR83)

Die Heilige Gees vergeet nie van die liggaamlike dood wat die mens, ook die gelowige, nog kan sterf nie.

Tog is die ontwyfelbare feit dat Jesus Christus liggaamlik uit die dood opgestaan het die waarborg wat die Heilige Gees aan ons gee dat ons ook eenmaal liggaamlik uit die dood sal opstaan om die ewige lewe en saligheid met liggaam en siel te beleef. Maar Christus se eie liggaamlike opstanding is nie die enigste waarborg nie. Die Heilige Gees self is ook vir ons die waarborg dat God ons liggame uit die dood lewendig sal maak. Luister weer wat sê Paulus:

Omdat die Gees van Hom wat Jesus uit die dood opgewek het, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. (Romeine 8:11 AFR83)

Dit is God se voorneme om die mense wat met Christus se bloed en Gees van hulle sondes skoongewas is, ook die ewige lewe na liggaam en siel te gee. Dit is wat die Heilige Gees ook bedoel wanneer Hy sê dat ons erfgename saam met Christus is. Wat Christus na die verlossingswerk op aarde van sy Vader verkry het, sal ook ons deel word. Nadat Christus aan die kruis gesterf het, het God Hom uit die dood opgewek sodat Hy as die

Mens Jesus nooit weer sal sterf nie. Saam met Christus is ons ook erfgename van hierdie heerlijkheid om eendag na liggaam en siel ewig te lewe. En die sekerheid hiervan verwoord Paulus so:

Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlijkheid.
(Romeine 8:17 AFR83)

Ons ontvang nou reeds as erfgename 'n deel van wat Christus toegekome het, naamlik sy lyding en swaarkry. So seker as wat ons nou deel het aan sy swaarkry, so seker sal ons deel kry aan sy heerlijkheid. En dit sluit in dat ons liggame uit die dood opgewek sal word op die laaste dag.

Vir gelowiges is die sekerheid van die opstanding 'n groot bron van troos as dierbares deur die dood van hulle weggeneem word of as hulle hulle eie dood sien naderkom, want hulle weet: Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal – nie enkelvoudig, nie tweevoudig nie, maar drievoudig! Christus het vir ons die ewige dood, die geestelike dood en die liggaamlike dood met sy liggaamlike opstanding oorwin. Mag ons lewe dan ook daagliks daarvan getuig dat Christus inderdaad uit die dood opgestaan het en Hy nou ewig lewe vir God (Romeine 6:10).

Amen!

Slotgebed

Psalm 69:12, 13, 14 (p. 345)

- 12 Al is ek, HEER, in pyn en nood, / u hulp sal soos 'n skild verrys!
Daarvoor bring ek U lof en prys, / ek maak U in my danklied groot.
Dit sal die HERE allermees / as offer welgevallig wees.
- 13 Sagmoediges sal dit aanskou / en bly wees as hul dit beleef.
Laat dié wat hul tot God begeef, / herleef, met frisse krag bedou.
God hoor hul wat behoefdig is / en kwyn in die gevangenis.
- 14 Laat aarde en hemel Hom dan prys, / die see en al wat dit deursweef!
Want God sal Sion laat herleef, / en Juda's stede sal herrys.
Dan vind Gods volk 'n erfdeel weer / en wonings wie sy Naam vereer.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
9 Maart 2014